Nico van Gijsen: Laat Leeu-slot se dood ’n wekroep wees

netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-laat-leeu-slot-se-dood-n-wekroep-wees-20261030-0978



Die tragedie van dood of uitdagings van onverwagse ongeskiktheid is nie iets wat jy kan voorspel nie. Maak betyds voorsiening om die lewe vir jou geliefdes te vergemaklik, skryf Nico van Gijsen.

Die skielike dood van die Leeus-rugbyspeler Hyron Andrews in die stort in sy hotel in Frankryk het vir baie as ’n skok gekom. Wie verwag tog dat ’n topfikse jong man van 31 sommer so sal ineensak?

Die nuusmedia het wyd daaroor berig. En vir vriende en familie bring die dood altyd hartseer. Die trane van verdriet loop, selfs by spanmaats. Daar was eerbewyse vir hom by rugbyvelde die wêreld oor.

Dit is reg. Empatie is menslik.

En toe lees ek Sondag in *Rapport* Hanlie Retief se onderhoud met Maighlin Andrews. En dan besef jy: Dit is hier waar die verdere tragedie lê. By hulle wat agterbly. By hulle wat nou moet aangaan sonder hom.

Maighlin is Hyron se vrou. En daar is twee kindertjies, Hendrix en Emerson. Sy het ’n man, ’n steunpilaar, verloor. ’n Broodwinner. Hulle het ’n pa, ’n speelmaat, verloor. ’n Rolmodel.

Hierin lê die werklike tragedie van die dood. En daarom my vraag: Wat dan? Wie sorg?

Jeug is nie ’n waarborg

Ek hoor so baie mense beplan hul finansies rondom wie eerste doodgaan. Pa, ma en dan die kinders. In volgorde.

Jonk en fiks is nie ’n waarborg teen siekte of dood nie. Dit kan enigeen tref. Hyron Andrews is ’n voorbeeld.

Ek lees ook die week dat die 41-jarige Sonny Bill Williams, tweemalige Wêreldbeker-rugbywenner van die All Blacks en ’n beroepsbokser, skielik opgeneem moes word vir ’n nood-opehartoperasie.

Ek weet uiteraard nie wat in die finansiële lewe van dié twee sportsterre aangegaan het nie.

Die vraag vandag is: Hoe lyk jou finansiële beplanning?

Ek weet jong mense dink nie aan doodgaan en hartoperasies as jy sterk en vol lewe is nie. Maar jy moet.

Wanneer jy trou

Wanneer jy die dag trou, of al trek julle net bymekaar in, neem julle deels verantwoordelikheid vir mekaar se versorging. Wetlik en op ’n morele vlak.

En vir jonger mense is dit veral belangrik. Daar is nog nie – daar kon nog nie, want daar was nie genoeg tyd nie – ’n sinvolle boedel opgebou wat geld kan voorsien in die geval van ’n skielike dood of skielike gevreesde siekte nie.

Ek hoor gereeld mense praat van “as ek dalk eendag iets moet oorkom”. Dit is reg om te dink, maar dit is vir my so ’n halfhartige manier om die probleem aan te pak.

Dit is omdat jy nie “dalk iets gaan oorkom” nie. Jy gaan dood. Vir seker.

Die vraag wat jy moet vra, is: Wat as ...? Wat as ek vanaand nie by die huis uitkom nie? Wat as ek nie môreoggend wakker word nie?

Die regte antwoorde sal volg as jy die regte vraag vra. Of dieselfde vraag reg vra.

Is die antwoord: My vrou en jong kindertjies sal nie genoeg geld hê om mee aan te gaan nie? Of: Ek sal ’n opehartoperasie nodig hê en ons het nie geld daarvoor nie en met so ’n swak harttoestand sal ek nie kan werk nie?

Dit is voorbeelde.

’n Ouer se verpligtinge

Jong mense trou nie almal nie, of kry ’n permanente lewensmaat nie. Baie leef nog uit die ouerhuis uit. En ry mooi karre. En het ’n klererekening. En het studieskuld.

Wat is die antwoord as jy vra: Wat as ...?

Hier is die antwoord: My ouers gaan my moet begrawe. My ouers gaan my skuld moet oorneem.

Wat as jy ongeskik raak en die res van jou lewe in ’n rolstoel moet deurbring? Moet hulle maar inspring?

Hulle sal, want hulle is ouers. En ouers doen wat ouers moet doen. Maar is dit reg teenoor hulle? Die meeste mense (lees gerus my rubrieke van die laaste paar Sondae) het eenvoudig nie genoeg vir hul aftrede gespaar nie.

Waar moet die geld vandaan kom om ’n kind te onderhou wat lank siek is of permanent ongeskik is?

Ek skryf gereeld hieroor en my kollegas in die bedryf onderskryf dit almal. Jy moet finansieel voorsiening maak.

En baiekeer val die klem op spaar en voorsiening vir aftrede. Dit is nodig. Dit is reg. Want soos ek hier noem en gereeld beklemtoon, mense spaar te min vir aftrede.

Maar daar is, vanuit die oogpunt van finansiële beplanning, iets wat kom voor spaar vir aftrede: Wat as jy dit nie maak tot by aftrede nie? Jy sterf op 31, soos Hyron. Of jy word deur ’n ongeneeslike siekte getref. Of jy raak permanent ongeskik.

’n Eerlike antwoord op die “wat as”-vrae het as ’n basis ook ’n element van liefde. Wie wil tog saam met die hartseer ’n geliefde vrou en kinders, of ouers, ook nog met ’n stuk finansiële ellende agterlaat?

Genoeg sterftedekking kan die lewe vorentoe vir ’n jong weduwee en haar klein kindertjies soveel gemakliker maak.

Versekering teen ongeskiktheid kan die lewe vir dié na aan jou baie gemakliker maak. Onthou, ongeskiktheid is anders as dood. Dood vat jou weg. Ongeskiktheid nie. Jy gaan versorg moet word, onderhou moet word.

Die tragedie van dood het ’n geldwaarde. Maak betyds voorsiening. Jy weet nie wanneer nie.

Wat jy wil weet, is dat diegene wat jy agterlaat en van jou afhanklik is, versorg sal wees.

Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met Jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com

weekliks@rapport.co.za